

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 24

16 Junie 2024

Vernuwende Denke

Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen. – Rom 12:2

Here, help my om deur die krag van U Gees omvorm te word. Vernuwe my denke sodat dit gevul sal wees met U waarheid en gedagtes wat U verheerlik. Ek wil in alles wat ek doen en dink binne U volmaakte wil lewe. Help my om die lewe wat U vir my beplan het nie in gedrang te bring deur die sondige gedagtes van hierdie wêreld te koester nie. Help my om gedagtes te hê wat my op die pad sal hou wat U vir my lewe in gedagte het.

God het ons nie ‘n gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. – 2 Tim 1:7

Here, ek dank U dat U vir my verstand gegee het. Help my om nie toe te laat dat my eie gedagtes my beheer of veroorsaak dat ek teneergedruk of magteloos of bevrees voel nie. Stel my in staat om altyd alle sondige gedagtes of gedagtes wat nie tot U eer strek nie te verwerp. Vernuwe vandag my denke en maak dit volkome beheersd, gesond en standvastig. Vestig in my denkpatrone wat vol liefde en deernis is – maak my iemand wat eerste aan ander dink voordat ek aan myself dink.

Hulle het ‘n ware Godsbesef gehad, maar tog het hulle Hom nie as God geëer of aan Hom dankbaarheid betoon nie. – Rom 1:21

Here, ek prys U en eer U bo alle ander dinge. U is die Here van my lewe, en ek nooi U om ook die Here van my gedagtes te wees. Ek wil in geen stadium enige sondige, dwase of sinlose gedagtes koester nie. Ek wil nie hê my gedagtes moet my lewe beheer nie, tensy daardie gedagtes van U en uit U Woord kom. Help my om lof en aanbidding ‘n aktiewe deel van my lewe te maak sodat verkeerde gedagtes nooit weer plek in my denke kan kry nie.

Dankie!

- **Vir die krag van die Heilige Gees wat ons help om ons denke te kan vernuwe!**
- **Vir die Gees van God wat ons vul met krag, liefde en selfbeheersing!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir al die beplanning wat tans besig is... vir God se plan vir SA.
- Vir ons skoliere en studente. Vir die vakansietyd wat voorlê.

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Marthie Jooste |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Allison Vorster |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Annatjie Pienaar | Jurie Matthee |
| • Jillian Jansen | Adolf Wolmarans |
| • Thelma Prinsloo | Alet Heads |
| • Ivan Garacki | Adri Botha |

Gedagte vir die week

**Gebed is om uit te reik na die onsigbare.
- Andrew Murray –**

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org